

NASIONALE BERAAD

SA wroeg dié week oor sy klimaatbeleid

JORISNA BONTJHUIS
Midland

'N Beraad oor die daarstel van nasionale klimaatbeleid - wat veranderinge aan fiskale beleid en wetgewing kan meebring - begin vandag.

Dié beraad, die eerste in sy soort, word gesamentlik deur die departemente van omgewingsake

en toerisme en wetenskap en tegnologie hier by Gallagher Estale aangebied.

Sowat 600 afgevaardigdes (van regering, nie-regeringsgroepe en vakbonde) sal dit bywoon.

Pres. Kgalema Motlanthe open vanmiddag dié beraad, waarna mnr. Marthinus van Schalkwyk, minister van omgewingsake en toerisme, en prof. Rajendra Pa-

chauri, hoof van die VN-klimaatspaneel, programmeerdes lewer. Pa-chauri, sowel as me. Connie Hedegaard, die Deense minister van klimaat en energie, sal 'n video-aanbieding doen.

Denemarke is vanjaar die gasheerland vir internasionale VN-klimaatsonderhandelings.

Die beraad, wat tot Vrydag duur, sal dien as platform waar rolspelers kan beraadslaag oor 'n

raamwerk vir 'n Nasionale Klimaatresponsstrategie.

Dit kom te midde van internasionale klimaatsonderhandelings en nadat die regering sy langtermyn-senario-ontleding oor klimaatverandering bekendgestel het. Dié ontleding (die sogenaamde LTIMS-proses) het in 2008 die groen lig van die kabinet gekry.

Daar is hoëvlaksteun daarvoor dat Suid-Afrika se kweekhuysgas-

vrystellings van ongeveer 2020 tot 2030 'n dekadende lank stabiliseer en daarna tot die middel van die eeu in absolute terme verminder word.

Mnr. Jeff Radebe, minister van vervoer, en me. Buyelwa Sonjica, minister van minerale en energie, sal vandag die regering se visie vir 'n koolstofvoetspoor is per capita steenkoolbronne vir elektrisiteitsbehoefte gestuun word.

sal me. Lindiwe Hendricks, minister van waterwese en bosbou, praat oor die regering se visie wat klimaatverwante aanpassings betref.

Suid-Afrika is tans een van die lande ter wêreld wat die minste energiedoelreffend is. Die land se koolstofvoetspoor is per capita baie groot, omdat daar swaar op steenkoolbronne vir elektrisiteitsbehoefte gestuun word.

Suid-Afrika is verantwoordelik vir sowat 1,5% van die mensgemaakte kweekhuysgasse wat in die aarde se atmosfeer vrygestel word. Die land word beskou as een van die tuintig grootste besoedelaars ter wêreld en het besonder hoë CO₂-vrystellings per capita.

Regstreekse uitsendings en outo-visuele-stroomuitsendings van die aanbidings is beskikbaar op www.ccsummit2009.co.za.

